Psalm 27:8

SOEK MY AANGESIG

No man is greater than his prayer life. The pastor who is not praying is playing; the people who are not praying are straying. The pulpit can be a shop-window to display one's talents; the prayer closet allows no showing off...Poverty-stricken as the Church is today in many things, she is most stricken here, in the place of prayer. We have many organizers, but few agonizers; many players and payers, few pray-ers;· many singers, few clingers; lots of pastors, few wrestlers; many fears, few tears; much fashion, little passion; many interferers, few intercessors; Many writers, but few fighters. ***Failing here, we fail everywhere****. The two prerequisites to successful Christian living are vision and passion, both of which are born in and maintained by prayer. The ministry of preaching is open to a few; the ministry of prayer - the highest ministry of all human offices - is open to all…Modern Christians know little of "binding and loosing," though the onus is on us - "Whatsoever ye shall bind:" Have you done any of this lately? God is not prodigal with His power; but to be much for God, we must be much with God…The secret of praying is praying in secret. A sinning man will stop praying and a praying man will stop sinning. We are beggared and bankrupt, but not broken, nor even bent.* **Leonard Ravenhill** uit die boekie *Why Revival Tarries*

Bid die volgende sake deur in die volgende 30 minute of dan tot waar jy kom.

<u>Inleidend</u> : Kom ons raak stil voor God

Eksodus 25 [10]"Julle moet 'n ark van doringhout maak: een en 'n kwart meter lank, 'n driekwart meter breed en net so hoog... [16]In die ark moet jy die getuienis van die verbond sit wat Ek jou sal gee. [17]"Dan moet jy 'n deksel van suiwer goud maak, een en 'n kwart meter lank en 'n driekwart meter breed. [18]Maak twee gerubs van geslae goud op die kante van die deksel, een links en een regs. [19]Die gerubs aan weerskante van die deksel moet so gemaak word dat hulle 'n eenheid met die deksel vorm. [20]Hulle vlerke moet uitgesprei wees oor die deksel, sodat hulle dit bedek. Die gerubs se gesigte moet na mekaar toe wees, en hulle moet afkyk op die deksel. [21]Jy moet die deksel bo-op die ark sit en daarbinne die getuienis wat Ek jou sal gee. [22]***<u>"Dáár sal Ek jou ontmoet. Ek sal met jou praat van die deksel af tussen die twee gerubs uit wat op die ark met die getuienis is</u>***. **Exo 25:22** And ***<u>there I will meet with thee</u>***, and I will commune with thee from above the ***<u>mercy seat</u>***, from between the two cherubims which *are* upon the ark of the testimony, of all *things* which I will give thee in commandment unto the children of Israel. (Modern King James Version)



Die verbondsark wat Moses moes maak was is in die Allerheiligste deel van die tabernakel. (sien prentjie). Dit is waar God Moses ontmoet en met Hom praat: **"from above the mercy seat"**. Hebreërs 10 [19-22] leer dat deur Jesus se kruis is die voorhangsel wat die heilige en allerheiligste van mekaar skei nie meer daar nie. Ons het nou [19]**...**deur die bloed van Jesus ***<u>vrye toegang</u>*** tot die (allerheiligste) heiligdom, [20]en dit op 'n weg wat nuut is en na die lewe lei. Hierdie weg het Hy vir ons gebaan deur

die voorhangsel heen, dit is deur sy liggaam. [21]En terwyl ons Hom ook as groot priester oor die huis van God het, [22]laat ons tot God nader met 'n opregte hart en met volle geloofsekerheid.

Spandeer 'n paar minute om oor hierdie kragtige saak na te dink. God sê vir jou en my sedert Jesus se kruis en opstanding: ***Dáár (in die allerheiligste) sal Ek jou ontmoet. Ek sal met jou praat...vanaf my genade troon(mercy seat)***
Raak stil en sien jouself soos Moses in die teenwoordigheid van God. Sien God op sy genadetroon en buig voor Hom in aanbidding. Vra Hom om jou in hierdie oomblikke te ontmoet: "Vader deur Jesus Christus dank ek U vir hierdie heilige oomblikke saam met U. Vader, ek vra dat u Gees my nou sal lei in 'n ontmoeting met U. Help my om U te aanbid in Gees en in waarheid. Kom O Skeppergees, lei my in die volgende tyd van gebed asseblief." Wees dan net stil in Sy teenwoordigheid vir 'n paar oomblikke.

1. SAAM MAAK ONS U NAAM GROOT (5 min)

Bid elke sin met bepeinsing , met aandag, en met 'n hart wat elke woord bevestig
God Drie-enig
Here God, in die hemel of op die hele aarde is daar geen God oos U nie.
Hemelse Vader,
U is van altyd af God - U is die Skepper en Onderhouer van alles wat bestaan. Dit is U wat die wereld gemaak het, wat aan die dermiljoene sterre elkeen 'n naam gegee het wat asem en lewe aan almal gee. U is oneindig groot en wonderlik en tog het U my lief, roep U my by die naam, beloof U om by my te wees. Vader ek verheerlik U.
Here Jesus,
U was bereid om na die wêreld te kom en die wreedste dood denkbaar te sterf sodat my sondes deur God vergewe kan word, sodat daar vrede op aarde kon kom. Help my om nooit u liefde gering te skat
of u genade goedkoop te maak nie. Here Jesus ek loof en dank U.
Heilige Gees,
U is God by my, God binne-in my. Dankie dat U my elke dag leer en lei en die wysheid gee om te weet hoe ek moet leef; dat U my leer bid en self vir my intree. Heilige Gees ek prys U

Aan U, God Drie-enig, roep ons dit uit: **1 Kronieke 29**: [10]"...Geloof sy U, Here, God van ons voorvader Israel, van ewigheid tot ewigheid. [11]Die grootheid, Here, die krag, die glans, die roem en die majesteit behoort aan U, ja, alles in die hemel en op aarde. Aan U, Here, behoort die heerskappy; U is bo almal verhewe. [12]Van U kom rykdom en eer. U heers oor alles. Mag en krag word deur U geskenk, en dit berus by U om enigiemand groot en sterk te maak. [13]En nou loof ons U, ons God, ons prys u glansryke Naam, [14]...Alles kom tog van U af en ons gee aan U wat ons van U gekry het. Amen.

2. Soek My aangesig deur vir persoonlike herlewing te bid (5 min)

Vra jouself die volgende vrae:
- Is daar onbelyde sonde in my lewe?
- Het ek onvergewensgesindheid en bitterheid in my lewe?
- Is daar enige twyfelagtige praktyke of aktiwiteite in my lewe?
- Gehoorsaam ek die Heilige Gees dadelik in alle dinge?
- Bely ek Jesus onbeskaamd?

Vra die Heilige Gees om jou te help en bely jou sondes voor die Here

3. Soek My aangesig namens ongeredde familie, vriende of individue (5 min)

1._____2. _____
3._____4. _____
5._____

Skryf die name neer (indien jy dit nog nie gedoen het nie). Bid vir hulle redding, dat die Here hulle sal seën (geestelik, sosiaal en emosioneel), en bid vir hulle fisieke behoeftes. Bid ook vir jou onmiddelike omgewing waar jy bly en vra dat die Here al die Christene wat lou geword het in hulle geloof weer tot bekering sal vernuwe.

4. Soek Sy aangesig sodat Sy heerlikheid deur ons gemeente sigbaar sal word (5 min).

1. Ons bid vir ons ***gemeente:***
   - **Ons bid die Jabes gebed vir ons gemeente**: *" Here soos Jabes van ouds pleit ons: Stort U seën oor ons gemeente. Vergroot ons gemeente se grondgebied, hou U hand by ons en weerhou onheil van ons dat ons nie pyn ervaar of smart veroorsaak nie."*
   - **Heilige Gees ons bid vir U leiding in ons gemeente se geestelike beplanning eesrkomende Saterdag**. Ons vra vir insig en wysheid in hoe U wil hê dat ons gemeente ons visie ***Meer en meer soos Jesus***, sal uitleef. In besonder bid ons dat U sal lei rondom
     - ***geestelike groei*** (hoe ons moet beplan rondom selgroepe, bidgroepe en ander kleingroepe, asook enige ander saak ter sprake om kragtiger te kan groei.)
     - ***uitwendige groei (*** hoe ons inderdaad dissipels sal kan wees in die UAE sodat hierdie land bereik kan word met die evangelie van Jesus Christus. Hoe moet die strategie/wyse wees wat ons as gemeente moet volg om ander tot bekering te help lei, veral die SAkaners wat afgedwaal het)
     - ***verhoudingsgroei (*** hoe ons net sterker in ons verhoudings na mekaar toe kan groei)
     - ***aanbiddingsgroei (*** hoe ons net meer en meer soos Jesus sal word in elke faset van ons lewe)
     - Ons vra dat U die hele proses sal begelei en só bestuur dat elkeen wat deelneem duidelik onder U beheer sal optree. Ons dank dat U gelei het in die opstel van die vraelys wat aan die gemeente uitgestuur is en vir groot respons van 341.
     -
   - **Ons bid ook dat U ons gemeente sal help met 'n groter plek om op Vrydae-oggende te aanbid**. Ons beleef die groei in Jebel Ali en pleit vir U wysheid, leiding en oopmaak van deure vir meer ruimte.
   - **Here ons vra dat U ons sal help met die voorbereiding van Oktober maand se Dagstukkies.** Wil U dit gee wat ons uit U Woord moet bestudeer vir ons geestelike ontwikkeling.
   - **Heilige Gees ons bid vir U leiding met 25 Oktober se Familie-Saterdag met Elza Meyer en haar span. Ons wil ons U dank** omdat U alreeds so wonderlik onderneem het met die uitsorteer van die Visas, die Christ Church gebou en die program se samestelling. Dankie Here vir U getrouheid, ondersteuning en leiding. In besonder bid ons nou vir die geestelike voorbereiding van die verskillende mense wat bedien naamlik vir Elza Meyer wat die vroue en manne bedien, Johan Smit en sy vrou wat die jeug, jeugleiers en ouers bedien, die musiekspan vir die lof en aanbidding . Veral bid ons dat lewens aangeraak sal word en harte sal verander. Ons bid dat U Elza kragtig sal gebruik as instrument om manne en vroue nader aan Jesus te bring. Ons bid ook vir die jeug wat deur Johan Smit bedien gaan word. Wil U ons help met die bereiking vir die jeug vir daardie dag. Wil U gee dat daar 'n groot klomp jongmense sal wees wat aangeraak sal word en sal verbind tot 'n lewe aan U. Ons pleit in afhanklikheid Heilige Gees dat U die voorbereiding sal seën en dat almal, wat op die dag

teenwoordig sal wees, die teenwoordigheid van God sal beleef. Ons bid Here Jesus dat U daardie naweek waarlik verheerlik sal word. Ons bid ook vir die bemarking van die naweek dat ons 'n maksimum aantal mense sal trek en dat ouers en kinders sal bywoon. Ons bid ook vir die kosvoorbereiding en almal daarmee gemoeid. Dankie dat ons alles na U toe mag bring.

- **Hemel Vader ons bid vir elke bedieningspunt wat deel uitmaak van ons gemeente**: Ons dank U vir die groei oor die afgelope maande. Ons dank U Here vir elkeen wat help met die opstel van klank, die regskuif van stoele, die voorbereiding van die nagmaal, die intersessors tydens en na die dienste en vir elke persoon wat help met die tee, koffie en verversings na die dienste. Dankie vir elke persoon wat betrokke is by die toerusting van ons jeug. Dankie Here dat U mense so gewillig maak.
- **Here Jesus ons bid vir die eredienste wat elke naweek gehou word en in besonder eerskomende naweek. Ons bid en pleit**
  - Dat ons gemeente U Heerlikheid sal ervaar tydens eredienste
  - Dat ons in Jebel sal kan begin met 'n orkes begeleiding en dat U vir ons mense sal stuur om so te kan bedien. Ons dank U vir die span wat stadig maar seker bymekaar kom,
  - Dat ons mense 'n heilige eerbied en vrees vir U sal hê
  - Dat die gemeente die draer en beskermer van die waarheid, 1Tim 3:14b, sal wees en dat die suiwer en ware Woord verkondig sal word en dat mense deur die Woord in hulle harte getref sal word en dat ons meer bekerings sal sien
  - Dat daar eensgesindheid onder gemeentelede sal wees en gemeentelede mekaar sal aanvaar soos Christus ons ook aanvaar het, tot eer van God
  - Dat gemeentelede mekaar sal respekteer, bemoedig en ondersteun
  - Dat gemeentelede geestelik volwasse sal (word) wees
  - **ook dat U 'n Engelstalige Erdiens deur ons in Mirdif of Sharjah sal vestig**. Ons weet daar is nie 'n Engelse kerk in Mirdif nie. Vader ons sukkel om die regte tyd te vind. Wil U vir ons wys hoe dit alles moet gebeur en Vader as dit nie U wil is nie laat ons dit weet asseblief…

- **Vader ons bring ons gemeente se Gebedsbediening voor U aangesig:**
  - Ons dank U vir die L.I.G. – Huis bediening wat U in ons gemeente kom vestig het. Ons hoor van so baie mense wat 'n gebedslysie het van vyf of meer persone het vir wie hulle bid en hoe U gebede beantwoord. Dank U daarvoor.
  - Ons bid dat U ons 'n Lewend In Gebed (L.I.G. – Huis) sal hou. Daarom bly ons volhardend in gebed vir ons LIG-Huis bediening Ons vra dat U nog meer bidders sal opwek om U Koninkryk hier in die UAE deur gebed te help groei.
  - Ons bid dat ons gebedsendelinge sal wees en ons stry saam met ons sendelinge Gerrit en Hannelize Kleynhans en gesin in Malawi en vir Charl de Bryun en gesin in Morroko. Ons bid Here dat U hulle veilig sal hou tussen al die ongelowiges (Rom 15:30-31). Ons bid vir vrug op hulle arbeid en ***dat daar uit die heidennasies (in Malawi en Morokko) 'n offergawe mag wees wat vir God aanneemlik is en deur die Heilige Gees geheilig is (Rom 15:16).*** Dankie Here vir U liefde en genade.
  - Ons vra ook Here dat ons 24 Uur Gebedswag sal uitbrei en ons algaande by 'n 24/7 Gebedswag vir ons gemeente sal uitkom. Ons bid volhardend dat ander gemeentes by ons sal aansluit sodat daar uiteindelik elke dag 'n gemeente of gemeentes sal wees wat deel uit maak van 'n 24 uur van gebed 7 dae 'n week vir elke dag van die jaar in die UAE. Help ons om op hierdie weg sinvolle beplanning te kan doen.
  - Ons dank U Here vir die nagenoeg 80 bidders wat aan vandag se 24 uur deelneem. Ons bid U seen af oor hulle
  - Ons bid vir meer gebedsgroepe wat gereelde weeklikse gebedsbyeenkomste hou van 19:00 – 21:00 eenmaal per week. Ons dank U Here vir die bestaande gebedsgroepe wat gereeld op Woensdagaande byeenkom en die nuwes wat intussen bygekom het.

- **Vader ons bid vir ons Manne Gebedsoggende**:

- Ons wil vra dat U ons sal lei om hierdie gebedsoggende so te beplan dat elke man U sal ontmoet as Here en God.
- Ons bid dat U manne sal oprig om al hoe meer by hierdie oggende te kom inskakel.
- Ons bid dat U onder ons manne sterk leiers sal oprig wat in hulle gesinne en in die gemeente sal dien as priesters met die liefde van Jesus

- **Vader ons bid vir 'n sterk vrouebediening**
  - Ons wil vra dat U vroue sal oprig wat saam 'n kragtige vrouebeweging in die UAE sal word. Ons pleit vir vroue wat Esters sal word konininginne wat God opgerig het vir 'n tyd soos hierdie (Ester 4:4)
  - Ons bid vir sterk vroue in ons gesinne wat soos die vrou in Spreuke 31:10-31 sal uitstaan in die UAE.
  - Ons bid dat U elke vrou en elke moeder onder U sorg sal toevou, hulle sal bemoedig, optel en versterk.
  - Ons bid vir gesonde huwelike en ook huwelike waar elke man sy vrou sal eer volgens 1 Pet 3:7 *Mans, julle moet verstandig met julle vrouens saamleef. Bewys eer aan hulle as die swakker geslag wat saam met julle deel in die lewe as genadegawe. Dan sal julle kan bid sonder dat iets julle hinder.*

- **Here Jesus ons bid vir *ons gemeente jeug.***
  - ***Ons bid vir ons kinderkerk dienste***
    - bid ons vir leiding rondom die geestelike boodskap en kleingroep aktiwiteite wat gevolg word by die kinderkerk
    - dat elke kinderkerk 'n geestelike ervaring sal wees en dat die kinders werklik vir U sal ontmoet en leef-Christene sal word
  - ***Ons bid dat ons gemeente jeug effektief bedien mag word*** en dat U ons genoegsame onderwysers sal gee om ons kinders toe te rus. Ons vra diep afhanklik vir meer onderwysers sodat ons kinders intensief bedien kan word. Ons bid ook dat ouers hulle kinders se opleiding sal ondersteun deur self by die kerk betrokke te bly.
  - Ons bid
    - dat alle beplanning, volmaak binne GOD se wil sal wees.
    - vir kragtige uitwendige groei onder ons jeug en dat ons jeugbediening in Sharjah, Dubai, Abu Dhabi en Al Ain elke jongmens sal sal bereik.
    - Ons bid vir elke baba, kleuter, laerskool kind en elke tiener in ons gemeente. Ons bid vir hulle vir liggaamlike gesondheid, verstandlike ontwikkeling, emosionele stabiliteit, sosiale vaardigheid en geestelike groei
    - Ook bid ons vir elke lid van die jeugbediening, vir hulle beskerming teen die strategiese planne van die vyand. Ons bid vir 'n diepe deernis, liefde en passie vir die jeug met wie hulle werk.
- **Heilige Gees ons bid vir die uitbreiding van ons selgroepe en vra**
  - dat U die leiers sal gee wat ons selgroepe moet lei asook die harte van mense sal oopmaak om by selgroepe betrokke te raak. Ons weet hoe belangrik selgroepe is en ons vra dat U ons groepe sal lei in ons beplanning rondom hierdie saak. Ons vra
  - dat U ons selgroepe sal gebruik as 'n evangelisasie middel om ander in te trek wat aan die kant staan of afvallig geraak het.
- **Ons bid dat ons gemeente meer en meer soos Jesus sal word in ons liefde** en die vrug van die Gees in Gal 5:22...*liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid,* 23*nederigheid en selfbeheersing*, duidelik sigbaar sal wees.

- **Ons bid Vader dat om U te eer die fokus van ons lewe sal word, wees en bly**. Ons wil met ons lewe die eer van God soek in alles wat doen
- Ons bid vir al ons ***ander gemeentes in die UAE en die kerk wêreldwyd***
  - Dat gemeentes herstel sal word as huise van gebed vir al die nasies (Jes.56:7; Matt.21:13) en ons bid vir 'n gebedsvisie, dat die kerk sal sien watter krag daar in voorbidding lê.
  - Dat gemeentes die Groot Opdrag sal uitvoer – om die Evangelie aan alle nasies te bring (Matt.28:18-20) en dat elke kerk sal bid dat God se plan vir en doel met elke nasie op aarde bereik sal word (Op. 5:9; Ps. 22:28-29) Ons bid dat die kerk van Christus hom moet opnuut voor God verootmoedig oor die feit dat ons tot nou toe so min erns gemaak het met die Groot Opdrag. Ons bid dat elke kerk ons liefdeloosheid en verskeurdheid sal bely. Ons bid vir eenheid in die Liggaam van Christus sodat ons geloofwaardigheid onder die ongereddes kan hê en as 'n verenigde front ons opdrag kan uitvoer.
  - Dat gemeentes die Groot Gebod sal uitleef – dat hulle na hul gemeenskap op relevante wyse sal uitreik met dade wat getuig van liefde en meegevoel (Matt.22:37-40)
  - Dat die Kerk Woord-getrou sal wees
  - Vir die herstel van verhoudings binne gemeentes en ook tussen plaaslike gemeentes waar daar verdeeldheid, trots, jaloesie en na binne gerigtheid bestaan.

5. Soek Sy aangesig vir persoonlike behoeftes (5 min)

1._____
2._____
3._____
4._____
5._____

6. Soek Sy aangesig deur te waak en te luister (5 min)

- **Die Here sê vir Moses dat Hy hom sal ontmoet en met Hom sal praat.** ***Dáár (in die allerheiligste) sal Ek jou ontmoet. Ek sal met jou praat...*** Vra dat die Here nuwe dinge aan jou sal bekendmaak, dinge waarvan Hy wil hê jy bewus moet raak en op moet let. Vra dat Hy Sy wil en sy planne/strategieë aan jou sal bekendmaak. Vra Hom na die dinge wat op Sy hart is waarvoor Hy wil hê dat jy moet bid. Wees stil en luister wat Hy vir jou sê. Skryf neer (hou dagboek) wat jy van Hom hoor. Bid dan die volgende gebed:

Vader ek wil U in my liggaam en gees verheerlik (1 Kor. 6:19-20). Daarom bid ek dat U deur u Gees uit die rykdom van u heerlikheid aan my die krag sal gee om innerlik sterk te word, dat Christus deur die geloof in my hart sal woon en dat ek in die liefde gewortel en gegrondves sal wees. Mag ek daarom in staat wees om saam met al die gelowiges te begryp hoe wyd en ver en hoog en diep die liefde van Christus strek. Help my om u liefde te ken, u liefde wat alle verstand te bowe gaan, en mag U my heeltemal vervul met die volheid van God (Ef. 3:16-19).

Ek kies om alles as waardeloos te beskou om Christus Jesus, my Here, te ken, U wat alles in waarde oortref. Ter wille van U gee ek alles prys en beskou ek alles as verwerplik sodat ek U as enigste bate kan verkry (Fil. 3:8).

Ek weet dat ek tot alles in staat is omdat U vir my krag gee (Fil. 4:13), want enige een wat 'n kind van God is, kan die sondige wereld oorwin omdat die oorwinning wat ons oor die wereld behaal het, deur ons geloof is (1 Joh. 5:4). Ek loof U want U is my Here en my God!

- Sluit af deur vir die volgende persoon wat bid in die volgende halfuur, aan die Here op te dra en te vra dat die Here hom/haar sal seën.
- Dank die Here vir die geleentheid om deel te kon neem aan die 24 uur van gebed.